

Die swye van Mario Salviati


MAGDEL ZONDAGH
Uniondale Leeskring

saamgestel deur GRIZÉLL
AZAR-LUXTON

Die titel wat na swye verwys, dui vroeg reeds op die geheim wat in die roman ontrafel moet word: dit is immers Mario wat die geheim bewaar en uiteindelik weggee, sonder dat iemand dit agterkom.

Verhaal

Die swye van Mario Salviati is 'n omvangryke boek, maar dit is veral 'n verhaalyke



boek. In die roman word daar 'n groot aantal verhale vertel en uiteindelik bou dit 'n hele stamboom op van die mense van Tallejare en vertel die geskiedenis van die dorp soos ingebed in die geskiedenis van die land.

Maar hierdie verhale is nie net aan mekaar verbonde in die sin dat dit gaan om die geskiedenis van die belangrike families van die dorp Tallejare nie of selfs in die sin dat die geskiedenis van Suid-Afrika hier in 'n kleiner sfeer en deur spesifieke karakters uitgespeel word nie. Die verhale tree op veelvuldige maniere met mekaar in interaksie en lewer

oor en weer kommentaar sodat 'n mens gekonfronteer staan met 'n beeld van die mens: daar is grootheid en goedheid, daar is verderflikheid en swakheid, vir elkeen is daar 'n dryfkrag en positiewe oogmerke, maar elkeen het ook daardie donker plekke wat liefsvremde wil word. En uiteindelik moet elkeen by die punt kom dat hy of sy die werklikhede van hede en verlede in die oë kyk, elkeen moet uiteindelik in die woorde van die roman 'die skerpioen se rug streef'.

Al die verhale is oor en weer vervleg om allerlei betekenis en eggo's van betekenis te genereer.

Wanneer Ingi Friedlander op Tallejare aan die voet van berg, Onwaarskynlik, op die rand van die Moordenaarskaroo, aankom om die veelbesproke kunswerk vir die nasionale versameling aan te koop, weet sy reeds dit gaan nie maklik wees nie. Misterie en fantasie omgewe die ontstaan van die beeldhouwerk en dit is bekend dat die kluisenaar-kunstenaar, Jonty Jack, niemand

naby Visman Steier toelaat nie. Jonty is bot en stug by Ingi se aankoms en dit wys op die moeilike tyd wat voorlê in hierdie dorp wat sat is van oorloë en geweld en gierigheid, voos geskinder en ingeteel.

Ingi raak gou vasgevang in die dorpsgeskiedenis en lewensloop van veral die families Berg en Pistorius. Hier op Tallejare het die geskiedenis letterlik stilgestaan en talle afgestorwenes dool steeds deur die strate - dis asof hulle deur die geskiedenis self gevange gehou word. Soos Ingi se speurwerk oor die geskiedenis vorder, so groei haar insig oor haarself.

Deurslaggewend in Ingi se soektog is haar kennismaking met Mario Salviati, stomtaljaner, wat as doofstom krygsgevangene in die veertigerjare op die dorp aangekom het.

Ontleding

Uit 'n sekere hoek bekyk, het 'n mens hier 'n historiese roman wat geskiedenis vanaf die tyd van Anglo Boere-Oorlog en uit die tyd van die Tweede Wêreldoorlog vertel. Maar dit sluit ook aan by die tradisie van die plaasroman, eintlik meer die dorpsroman of streekroman, aangesien die landelike omgewing hier absoluut geïntegreer is in alles wat die roman sê en vertel. 'n Menigte anekdotes van die mense wat die streek en die dorp bevolk - hulle eksentrisiteite, hulle geheime, die dorpslegendes, word vertel in die roman, maar die volksmites en -legendes van die Afrikaanse wêreld in 'n wyer sin word ook in die roman ingevleg.

Die historiese inslag bring die roman ook deurlopend by die probleme wat Suid-Afrika as 'n land en as 'n politieke konsep kenmerk, die kleurproblematiek, die oorloë waarby die land en sy mense betrokke geraak het, die politieke aksente van die hede. Daar is egter ook deurgaans 'n sterk bewustheid van die psigologiese ondergrond van wat mense motiveer, individueel sowel as kollektief: sommige van die verdringde geestesinhoudes sweef en stap inderdaad tussen die Tallejaners rond.

Mario Salviati herinner sterk aan **Toorberg**, omdat dit dieselfde ruimte deel, die verlede is bepalend en hierin ook 'n buitestaander as hoofkarakter optree wat skuld en boete vir die mense se dade moet bepaal. Albei boeke is geskryf in 'n magies-realistiese toonaard met 'n spesifieke Suid-Afrikaanse kleur. Ondanks die diepgaande ontleding van kunstenaarskap, die verband tussen kuns en realiteit veral die boek nooit in swaarwigtigheid nie. 'n Besondere pluspunt is juis die humor wat sommige

lesers dalk mag ontstel. Metafisiese elemente en aardse gebondenheid word, byvoorbeeld, geslaag versoen in die uitbeelding van die engel wat rustig sit en vlooie vang.

Van Heerden omskep die Moordenaarskaroo in 'n magiese landskap waarin die geeste van die verlede tussen die lewendes dwaal, 'n kunstenaar gereeld saam met 'n - nogal stuitige - engel tee drink en 'n vrou sonder gesig wat in 'n agterkamer van die dorpsdrosdy woon. Die feit dat die gebeurte afspeel in die skadu van 'n berg wat Onwaarskynlik heet, is 'n verdere bevestiging dat die magiese en realistiese hier hand aan hand gaan.

Erkenning aan: LitNet - Seminaarkamer, versorging deur Etienne van Heerden, www.litnet.co.za/seminaar/jswye.asp en Heilna du Plooy.